

BEPALINGS EN VOORWAARDES VIR GEBRUIK VAN DIE SANTAM VISA ELECTRON KAART

1. OMSKRYWINGS

- 1.1 **“Kaart”** beteken die Santam Visa Electron Kaart.
- 1.2 **“Kaarthouer”** beteken die persoon in wie se naam die kaart uitgereik is en wie die kaart gebruik.
- 1.3 **“Jy”** of **“Jou”** beteken die kaarthouer.
- 1.4 **“Ons”** beteken óf Santam, óf Tutuka óf Standard Bank óf al die partye saam.
- 1.5 **“Tutuka”** beteken Tutuka Software (Proprietary) Limited (Eiendoms) Beperk (Registrasienr. 1999/020074/07).
- 1.6 **“Standard Bank”** beteken The Standard Bank of South Africa Limited Beperk (Registrasienr. 1962/000738/06).
- 1.7 **“Santam”** beteken Santam Beperk (Registrasienr. 1918/001680/06).
- 1.8 **“Verskaffer”** of **“Handelaar”** beteken die persoon of entiteit van wie goedere aangekoop of dienste verkry word met die gebruik van die kaart.
- 1.9 **“Hierdie Ooreenkoms”** beteken die bepalinge en voorwaardes wat die gebruik van die kaart reguleer.
- 1.10 **“Elektroniese Toestel”** beteken elektroniese en/of stelselgeriewe wat die verskaffer/handelaar gebruik om betalings vir goedere of dienste met die gebruik van die kaart te verwerk.
- 1.11 **“Visa Rules”** beteken die stel reëls wat deur Visa International Service Association (VISA) geïdentifiseer is om die deelname van finansiële instellings aan sy betalingstelsel te reguleer.

2. ALGEMEEN

- 2.1 'n 5-syfer PIN sal saam met die kaart uitgereik word.
- 2.2 Die kaart mag nie vir kontant of krediet verruil word nie.
- 2.3 Die waarde wat op die kaart gelaai word, is gegrond op die finale ooreengekome eisebedrag deur Santam nadat enige bybetaling afgetrek is of op die berekende waarde van enige ander Santam-betaling.
- 2.4 Kaartsaldo's wat nie binne twee jaar nadat dit gelaai is, spandeer word nie, sal onderhewig wees aan 'n maandelikse fooi om uitgawes te dek. Sodanige fooi word gestaak voordat 'n toekomstige eis op die kaart verwerk word of die kaart 'n nul saldo het. Die maandelikse fooi kan gevind word deur die eisekaart-skakel op Santam se webtuiste by <http://www.santam.co.za/claims/santam-card/> te volg.
- 2.5 Die teruggawebeleid van die spesifieke verskaffer/handelaar wat deur die kaarthouer gebruik is, sal geld vir enige goedere wat met die kaart gekoop is en na die winkel teruggebring word. Kontantterugbetalings sal oor die algemeen nie gedoen word as items teruggebring word nie en enige geskil in hierdie verband moet regstreeks met die verskaffer/handelaar opgeneem word. Santam kan nie aankope op die kaart terugskryf nie.

3. GEBRUIK VAN JOU KAART

- 3.1 Ons mag jou identiteit bevestig en weier om 'n kaart uit te reik as jy nie aan ons voldoende bewys van jou identiteit kan lewer nie (d.i. ID).
- 3.2 Sodra jy die kaart die eerste keer gebruik, sal aanvaar word dat jy die Bepalings en Voorwaardes vir Gebruik van die kaart gelees het en jouself as ten volle onderworpe aan hierdie Bepalings en Voorwaardes vir Gebruik beskou.
- 3.3 Die kaart kan net in Suid-Afrika gebruik word.
- 3.4 Die kaart het 'n vervaldatum wat op die voorkant van die kaart gedruk is en geldig sal wees tot op die laaste dag van die maand waarin dit verval, soos op die voorkant van die kaart gedruk.
- 3.5 Die kaart is op jou handtekening gegrond en kan gebruik word om goedere en dienste te koop by verskaffers/handelaars wat Visa Electron-kaarte aanvaar. Wanneer jy betaal, moet jy 'n transaksiestrokie teken en dit vir jou rekords bêre.
- 3.6 Jy is nie verplig om die betaling by 'n voorkeurverskaffer van Santam te spandeer nie.
- 3.7 Spesiale aanbiedings in die winkel van ons voorkeurverskaffers/handelaars sal nie vir kaarthouers geld nie aangesien reeds hiervoor in die voorafgereelde ooreenkomste voorsiening gemaak is.
- 3.8 In sekere gevalle sal nie alle goedere wat in 'n winkel van 'n voorkeurverskaffer/handelaar te koop is deur die kontantterugreëling gedek wees nie. In sulke gevalle kan die kaart nie gebruik word vir daardie goedere wat nie gedek is nie. Kaarthouers word in hierdie verband gelei deur die kategorie van goedere wat in die toepaslike ry op Santam se webtuiste van voorkeurverskaffers beskryf word.
- 3.9 Ons sal nie aanspreeklik wees as 'n verskaffer/handelaar weier om jou kaart te aanvaar nie.
- 3.10 Ons is nie verantwoordelik vir die dienste of goedere wat met die kaart gekoop word nie en ook nie vir die teruggawe of omruiling daarvan van enige verskaffer/handelaar nie. Enige geskil in die verband moet regstreeks met die verskaffer/handelaar opgeneem word.
- 3.11 Die totale Randbedrag van aankope sal van die waarde van die kaart afgetrek en alle transaksies wat die kaartsaldo oorskry, sal geweier word.

- 3.12 Die kaart kan nie gebruik word vir afstandtransaksies (kaart nie teenwoordig nie) soos aankope deur die pos per telefoon of oor die Internet <http://www.santam.co.za/claims/santam-card/> nie.
- 3.13 Die kaart kan nie gebruik word om kontant by 'n bank, OTM of winkel/handelaar te trek nie. Dit kan ook nie gebruik word om winkelrekenings te betaal nie.
- 3.14 Jy mag nie debiet- of stoporders aan die kaart koppel nie.
- 3.15 Alle verdere transaksies sal geweier word as enige van hierdie bepalinge of voorwaardes te enige tyd verbreek word.
- 3.16 Die omruiling of teruggawe van aangekoopte goedere wat heeltemal of gedeeltelik met die kaart betaal is, sal gereguleer word deur die prosedure en beleid van die verskaffer/handelaar en tersaaklike wet. Ten tye van enige omruiling of teruggawe moet jy die goedere, kwitansie en die kaart by jou hê.
- 3.17 As ons 'n terugbetalingstransaksie ontvang wat deur 'n verskaffer/handelaar uitgereik is vir goedere gekoop of dienste verkry deur jou met jou kaart, sal ons dié bedrag op jou kaart terugbetaal.

4. ONGEMAGTIGDE GEBRUIK

- 4.1 Jy moet die kaart in ink teken in die spatie agterop sodra jy dit ontvang. Indien jy nie die kaart teken nie, stem jy in om verantwoordelikheid te aanvaar vir enige verliese wat ontstaan as gevolg van die ongemagtigde gebruik van die kaart.
- 4.2 Jy is die enigste persoon wat jou kaart mag gebruik en jy mag dit nie oordra of aan enige ander persoon die magtiging gee om die kaart te gebruik nie.
- 4.3 Jy is verantwoordelik vir die veiligheid van die kaart.
- 4.4 Jy stem in om Santam onmiddellik in kennis te stel indien die kaart verlore of gesteel is of indien jy vermoed die kaart is onwettig bekom en gebruik. Sou jy Santam nie in kennis stel nie, aanvaar jy verantwoordelikheid vir enige verliese wat ontstaan as gevolg van die ongemagtigde gebruik van die kaart.
- 4.5 Ons sal die kaart so vinnig moontlik stop sodra ons deur jou in kennis gestel is om so te maak. Jy bly egter verantwoordelik vir al die betalings vóór sodanige kennisgewing.

5. ONWETTIGE GEBRUIK

- 5.1 Die kaart mag nie vir enige onwettige doeleindes gebruik word nie, insluitend die verkryging van goedere of dienste wat onwettig is.

6. BETWISDE AANKOPE

- 6.1 Jy mag ongemagtigde transaksies betwis. Betwiste transaksies sal ondersoek word nadat jy Tutuka (Kaartnavraag-inbelsentrum se nommer agter op kaart) van 'n beëdigde verklaring voorsien het wat bevestig dat jy nie die transaksie gemagtig het nie.

7. FOUTIEWE WERKING VAN ELEKTRONIESE GERIEWE

- 7.1 Ons is nie verantwoordelik vir enige verlies wat voortspruit uit enige weiering, foutiewe werking of vertraging van enige elektroniese toestel as gevolg van omstandighede buite ons redelike beheer nie.

8. GESKILLE EN TERUGSKRYWINGS

- 8.1 Tensy 'n herroeping of terugskrywing toegelaat word:
 - 8.1.1 Is ons nie in staat om enige betaling te herroep of terug te skryf nie;
 - 8.1.2 Enige geskil met 'n handelaar/verskaffer oor 'n herroeping of terugskrywing moet jy regstreeks met die handelaar/verskaffer opneem; en
 - 8.1.3 Alle betalings wat aan die handelaar/verskaffer vir enige transaksies gedoen is, is finaal en onherroeplik.

9. RENTE

- 9.1 Rente sal nie op kaartsaldo's van toepassing wees nie.

10. DERDEPARTYDIENSVERSKAFFERS

Jy erken en stem in dat:

- 10.1 Santam vir geen rede die kaartverwante funksies of dienste kan verrig wat volgens die Visa-reëls vereis word nie, ingesluit sonder beperking, transaksiemagtiging- en skikkingsdienste, wat net lede van Visa of sy aangestelde agente mag lewer.
- 10.2 Santam sal sonder beperking geregtig wees om enige derdepartyverskaffer/s (ingesluit, sonder beperking Tutuka en Standard Bank) te benoem om daardie funksies of dienste (in geheel of gedeeltelik) te verrig wat namens hom vereis word.

11. KANSELLASIE VAN KAART EN BEËINDIGING VAN OOREENKOMS

- 11.1 Jou kaart sal altyd die eiendom van Standard Bank bly.
- 11.2 Jy kan enige tyd hierdie ooreenkoms beëindig deur die kaart te vernietig deur die magneetstrook en rekeningnommer op te sny en Santam skriftelik in kennis te stel dat jy die kaart wil stop. Jy sal verantwoordelik wees vir enige transaksies as die kaart nie behoorlik vernietig is nie en daarna deur enige ongemagtigde persoon gebruik word.

11.3 Ons mag enige tyd kies om jou kaart in te trek en jou gebruik van die kaart op te skort of te beëindig vir watter rede ook al. Jy stem in dat ons geen aanspreeklikheid sal hê as gevolg van enige sodanige opskorting of beëindiging nie.

11.4 Selfs al eindig hierdie ooreenkoms, sal ons geregtig wees om staat te maak op die regte verkry onder hierdie bepalinge en voorwaardes voor beëindiging.

12. ALLERLEI

12.1 Jy mag nie hierdie reëls verander nie.

12.2 Suid-Afrikaanse reg reguleer hierdie reëls.

12.3 Hierdie Bepalinge en Voorwaardes vir Gebruik kan van tyd tot tyd gewysig word en die jongste weergawe van hierdie dokument is beskikbaar deur die Eisekaart-skakel op Santam se webtuiste by <http://www.santam.co.za/claims/santam-card/> te volg.

12.4 Kaart-state sal nie aan jou gestuur word nie maar saldo's kan verkry word deur Tutuka se Kliëntondersteuningsentrum by 086 111 1234 te bel of deur die Eisekaart/Saldonavraag-skakel op Santam se webtuiste by <http://www.santam.co.za/claims/santam-card/> te volg.

13. VERTROULIKHEID

Ons sal al jou persoonlike inligting as privaat en vertroulik hanteer. Niks van jou kaart of persoonlike inligting sal aan enigeen openbaar word nie, tensy:

- Ons wetlik verplig word om dit te doen;
- Dit vereis word om hierdie kaartprogram te bedryf;
- Dit in openbare belang is om dit te doen; en/of
- Die bekendmaking op jou versoek met jou skriftelike toestemming gedoen word.

14. AANSPREEKLIKHEIDSKLOUSULE

Santam, sy beamptes, personeel, agente en verteenwoordigers word hiermee gevrywaar teen enige skade, verliese en aanspreeklikheid.